# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 16 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 29 MEI 2026



**MEI**

**23** DIAMANTVELD

**JUNIE**

**1** EKSAMEN BEGIN GR 12

**26** SKOOL SLUIT

**Volg JF SOSIALE MEDIA**

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik


#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# Belangrike datums

# JUNIE

06 Junie: Netbal: VS-oefenkamp.
06 Junie: Rugby: VS-bondedag.
12 - 13 Junie: Netbal: DSTV, VS-dag. Motsepe 0/15.
13 Junie: Hokkie, VS-dag.
15 Junie: Skool vakansiedag
16 Junie: Jeugdag
20 Junie: Netbal VS-oefenkamp
21 Junie: Vadersdag
26 Junie: Skool sluit.



Eksamenrooster op bl 4 & 5

1-26 Junie

# Mei 2026

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25<br>Oppi Tong Af semi-finaal | 26 | 27 | 28 | 29<br>Landloop | 30 | 31<br>Kerkparade |





# Die Kiepersol

**"Hier het ons almal pouse geëet, gelag en saam herinneringe gemaak... nou bou ons weer daardie herinneringe vir die volgende geslag."**





Ons nooi graag oud-leerders, ouers en vriende van die skool uit om deel te word van hierdie spesiale projek wat ons tydens die Junie-vakansie loods. Ons nooi u om saam met ons aan die toekoms van Die Kiepersol te bou.

Die Kiepersol is meer as net 'n snoepie — dit is deel van Jim Fouché se geskiedenis, tradisie en nostalgie wat oor jare heen in die harte van oud- en huidige leerders voortleef. Ons droom is om daardie besondere gevoel te behou, terwyl ons 'n moderne en warm ruimte skep waar nuwe herinneringe gevorm kan word.

Om hierdie ruimte nog meer spesiaal te maak, wil ons graag 'n fondsinsameling onder ons oud-leerders, ouers en vriende -selfs besighede- vir die borg van piekniekbankies loods. Ons benodig 10 piekniekbankies teen 'n koste van R 5000.00 elk.

Besighede wat 'n piekniekbankie borg, sal ook die geleentheid vir advertering op die bankie as deel van hul borgskap kry . Dit bied uitstekende blootstelling binne ons skoolgemeenskap en ondersteun terselfdertyd die opgradering van ons fasiliteite.



Dra by tot 'n bankie!
Donasies op karri

**Indien u graag deel wil wees van hierdie projek, kontak gerus vir Merice Erasmus vir meer inligting by bemarking@jf.co.za**

# Eksamen

## JUNIE 2026 ROOSTER


| DATUM | 8 | 9 | 10 | | 11 | | 12 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Oggend | Middag | Oggend | Middag | Oggend | Middag |
| 1 Junie | | | RTT V1 (2½ure) | Engels V3 (2½ure) | LO (2½ure) | IGO V1 (2½uur) | Rek V1 (2ure) | Afrikaans V2 (2½ure) |
| 2 Junie | | | Rek (2½ure) Geskiedenis (2ure) | | Engels P1+2 (2½ure) | IT V1 (3ure) | RTT V1 (3ure) Musiek V1 (3ure) | Toerisme (3ure) |
| 3 Junie | | | Verbruikers (2ure) IT V1 (3 ure) | | RTT V1 (2½ure) | IGO V2 (2½ure) | Afrikaans V1 (2ure) | IT V1 (3ure) Kuns (3ure) |
| 4 Junie | | | Drama (2ure) | Afrikaans V1 (2ure) | Drama (3ure) | | Rek V2 (2ure) | RTT V2 (3ure) |
| 5 Junie | | | LO (2½ure) | | Wisk V1 (2ure) Wisk G V1 (1½ure) | | LWet V1 (2½ure) | IGO V1 (3ure) Musiek V2 (2ure) |
| 8 Junie | SK (1uur) | LO (1½uur) | Afrikaans V2 (2½ure) | | Wisk V2 (2ure) Wisk G V2 (1½ure) | | LWet V2 (2½ure) | IGO V2 (3ure) |
| 9 Junie | Engels (2uur) | SW Gesk (1½uur) | Toerisme (1½ure) | IGO V1 (2ure) | Besigst V1 (2ure) IT V2 (3ure) Kuns (3ure) | | Geografie V1 (3ure) Drama (3ure) | IT V2 (3ure) |
| 10 Junie | LO (1½uur) | Engels (2ure) | RTT V2 (2ure) IT V2 (3ure) Musiek V1 (3ure) | Musiek V2 (3ure) | Fis Wet (3ure) Besigst V2 (2ure) | Afrikaans V3 (3ure) | Verbruikers (3ure) | Afrikaans V3 (3ure) |
| 11 Junie | NW Materie (1uur) | EBW (1½uur) | Engels P1+2 (2½ure) | Kuns (3ure) | Verbruikers (2½ure) Musiek V1 (3ure) | Musiek V2 (3ure) | Engels P1 (2ure) | |
| 12 Junie | SW Gesk (1½ure) | NW Lewe (1uur) | LWet (2½ure) | | LWet (2½ure) | | Wisk V1 (3ure) Wisk G V1 (2ure) | |
| 15 Junie | **VAKANSIEDAG** | | **VAKANSIEDAG** | **VAKANSIEDAG** | | **VAKANSIEDAG** | **VAKANSIEDAG** | |
| 16 Junie | **VAKANSIEDAG** | | **VAKANSIEDAG** | **VAKANSIEDAG** | | **VAKANSIEDAG** | **VAKANSIEDAG** | |

# Eksamen

## JUNIE 2026 ROOSTER

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 Junie | Tegnologie (1uur) | Wiskunde (2ure) | Fis Wet (3ure) | | Geografie (2½ure) | Afrikaans V2 (2½ure) | Wisk V2 (3ure) Wisk G V2 (2ure) | |
| 18 Junie | EBW (1½uur) | SK (1uur) | Geografie (2½ure) | | Afrikaans V1 (2ure) | RTT V2 (2½ure) | Engels P2 (2ure) | |
| 19 Junie | Afrikaans (2uur) | SW Geo (1½ure) | Besigheids (3ure) | | Rek V1 (2ure) | | Fis Wet V1 (3ure) Besigheid V1 (2ure) | |
| 20 Junie | | | | | | | | |
| 21 Junie | | | | | | | | |
| 22 Junie | NW Lewe (1uur) | NW Materie (1uur) | Wisk (3uur) Wisk G (2uur) | | Rek V2 (2ure) Dramaprak | | Fis Wet V2 (3ure) Besigheid V2 (2ure) | |
| 23 Junie | Wiskunde (2ure) | Tegnologie (1uur) | Toerisme PAT | | Toerisme (2ure) | | Geografie V2 (3ure) Dramaprak | Ekonomie V2 (2ure) Dramaprak |
| 24 Junie | SW Geo (1½ure) | Afrikaans (2ure) | Dramaprak Toerisme PAT | | Toerisme PAT | | LO (2ure) | Ekonomie V1 (2ure) |
| 25 Junie | REM | | Dramaprak | | Toerisme PAT | | | |
| 26 Junie | REM | REM | REM | | | | | |

Filippense 4:13, wat sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee"




**STERKTE**

**VOORBEREIDING IS DIE SLEUTEL TOT SUKSES!**

# Finansies:

## Skoolfonds 2026:

Dit is die behoefte van ons hart om vir elke ouer/voog wat getrou hul skoolgeld betaal, dankie te sê. U getroue betaling help ons om 'n skool van uitnemendheid te bly.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

## Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is aangetoon op u staat van 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel 'n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word, tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief u skoolfonds op datum te hou. Dankie aan elke ouer wat 'n reëlings kom tref het t.o.v. agterstallige skoolfonds en sodanige ondernemings getrou nakom.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za**

## NUUS UIT DIE KLEREBANK

**Vanaf nou tot en met 5 Junie sal die Klerebank gedurende gewone tye oop wees:**

**Maandag: 10:20-11:20**
**Dinsdag: 10:20-11:20**
**13:30-14:00**
**Woensdag: 7:00-7:30**
**10:20-11:20**
**Donderdag: 10:20-11:20**
**Vrydag: 10:20-11:20**

**Vanaf Maandag 8 Junie tot 25 Junie sal die Klerebank oop wees vir eksamentye:**
**Maandag tot Vrydag slegs 7:30-8:00**

DANKBAARHEID

# Waardes

# Dankbaarheids-Donderdag 8

## Dankbaarheid as 'n Ingesteldheid (Groot Hart)

Dankbaarheid is nie net ’n gevoel wat oor ons kom wanneer dinge goed gaan nie; dit is ’n doelbewuste keuse wat ons elke dag maak. Wanneer ons kies om dankbaar te wees, verander dit ons hele perspektief. Dit verskuif ons fokus van dit wat ons kort of wat ons gepla het, na dit wat ons reeds het. ’n Dankbare hart is ’n magtige wapen teen negatiwiteit en stres. Dit maak ons vrygewig teenoor ander, want as ons besef hoeveel ons ontvang het, word dit makliker om uit te deel. Selfs op die dae wanneer alles skeefloop, is daar altyd iets om voor dankbaar te wees – al is dit net die genade dat ons môre weer kan probeer.

"Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!" – 1 Kronieke 16:34

**Here, dankie dat U goedheid nie afhang van hoe my dag verloop of hoe ek voel nie. Help my om ’n "dankbaarheids-bril" op te sit sodat ek deur die uitdagings van die skoolwerk en die druk van die lewe steeds U seëninge kan raaksien. Maak my hart groot genoeg om hierdie dankbaarheid ook met ander te deel.**

**Amen.**

*'n Dankbare hart is 'n magtige wapen teen negatiwiteit en stres*



Dankbaar

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

# MIDDAGSTUDIE

**Maandae tot Donderdae**

**14:00 - 17:00**

**R400 p/m**

KONTAK SUZETTE BY
ONTVANGS@LOO1@JIMFOUCHEHS.COM

**TYE WORD GEDURENDE DIE EKSAMEN AANGEPAS.**

# UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# EKSAMENSTRES EN ANGS


Eksamentyd is vir die meeste leerders 'n moeilike en uitdagende tydperk. Leerders voel onder druk om lang ure te leer, groot hoeveelhede werk te onthou, goed te presteer én hulle doelwitte te bereik. Wanneer spanning egter te veel raak, beïnvloed dit nie net 'n persoon se emosies nie, maar ook hulle liggaam. Daarom is dit belangrik om tekens van angs raak te sien en om te weet hoe om dit effektief te hanteer.

Hoewel 'n klein bietjie druk 'n mens kan motiveer om harder te werk, kan te veel stres en angs 'n negatiewe impak op 'n leerder se gemoed en hulle gesondheid hê. Dit kan ook 'n leerder belemmer om hulle volle potensiaal te bereik.

Emosionele tekens van angs sluit in gevoelens van vrees, bekommernis en onsekerheid. Baie leerders voel moedeloos of dink hulle gaan misluk, selfs wanneer hulle hard werk. Sommige leerders raak maklik geïrriteerd of huil sonder 'n duidelike rede. Ander sukkel om te konsentreer. Hierdie emosies kan veroorsaak dat 'n leerder selfvertroue verloor en minder gemotiveerd voel om te leer.

Fisieke tekens van spanning kom algemeen voor tydens eksamens. Leerders kan hoofpyne, maagpyn of 'n vinnige hartklop ervaar. Party mense voel naar wanneer hulle oor die eksamen dink. Slaaploosheid en moegheid is ook algemene simptome van spanning. Wanneer iemand te gespanne is, kan dit moeilik wees om te fokus en inligting te onthou.





Daar is verskeie maniere om eksamenangs te hanteer. Eerstens moet leerders vroegtydig begin voorberei en 'n goeie studierooster volg. Dit help om paniek op die laaste oomblik te vermy. Gereelde pouses, genoeg slaap en gesonde eetgewoontes verbeter konsentrasie en verhoog energievlakke.

Ontspanningstegnieke soos diep asemhaling, oefening en positiewe denke kan help om leerders rustig te hou en te kalmeer. Dit is ook belangrik om met ouers, vriende of onderwysers te praat wanneer die druk te veel raak.

Ten slotte, eksamenangs en spanning is normaal, maar dit moet behoorlik bestuur word. Wanneer leerders die emosionele en fisieke tekens betyds herken en die regte stappe neem, kan hulle hul stres beter beheer en hul eksamens met meer selfvertroue aanpak. En onthou: Na die eksamen is daar 'n lekker vakansie wat wag!

Sterkte aan elke leerder met die eksamen!

# Sterkte aan elke leerder met die eksamen!


#JFbid
Beste ouers,
Kom bid saam vir ons kinders en
ons skool.
Tyd: Woensdae 07:30 - 08:00
Plek:
JF-Konferensielokaal
VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477


MA'S WAT OMGEE
HY WAT
WOON IN DIE
SKUILPLEK
VAN DIE
ALLERHOOGSTE,
SAL
RUS
IN DIE
SKADU
VAN DIE
ALMAGTIGE
Ps. 91:1


HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
JF-AKADEMIE
Baie geluk
Nautilus Wiskunde
Baie geluk aan die volgende leerders met hul prestasies tydens die 2de Nautiluskamp van die jaar.
#trotsJF
Graad 8
Calem du Toit en Algranto Matthews
Gesamentlik 3de
Graad 11 en 12
Lineé Lubbe
3de

# Kultuur


## KUNSWEDSTRYD 2026

**Die volgende JF-leerders het van 18-22 Mei aan die Vrystaat-kunswedstryd deelgeneem en uitstekend presteer:**

### Graad 12

**A++**


Elanelle Strydom


Gé Coetzee


Inge Stoltz


Ansje Bekker


Joane de Beer


Minette Pretorius


2
Karli Botha


*Baie geluk!!!*


Nomsa Jason


Paula Swart


2
Adelle Froneman


### Graad 11: A++


Kamo Tsoaeli



Miené Spies


Jomari Siebert



Martsó Horn


LeVyrle du Plessis


Kayla Labuscagne


Chrizel van Wyk

### Graad 11: A+


LeVyrle du Plessis

# Kultuur

## KUNSWEDSTRYD 2026

### Graad 12: A+



Ildené Loots


Bongi Mkwane


Liné Fourie


Paula Swart


Nomsa Jason


Mekayla Carstens


Benedette van Tonder

### Graad 12: A


Jasmine


Nina Smit

### Graad 10: A+


Danelize Matthews

### Graad 10: A++


JD Joubert


Nicole van Schalkwyk


Lesedi Gailele

### Graad 10: A


Hanny van Vuuren

# Kultuur

## KUNSWEDSTRYD 2026

### Graad 9: A++



Kgomotso Emolemo



Jayleen Johnson

### Graad 9: A+ & A



Charlotte Gibbens

## OppieTongAf Redenaars

**Ses JF-redenaars het op 25 Mei 2026 aan die semi-finale van OppieTongAf deelgeneem. Al ses het A+ simbole behaal met punte wat wissel tussen 87-89%. Baie geluk aan die volgende raakpraters:**



Ruwan van Niekerk



Miné Kriek



Joané de Beer




Ildené Loots



Germari Venter



Lize Fourie




DRAMA

"Blindelings" neem tydens die vakansie deel aan die Reza De Wet Tienertoneelfees.
Die produksie tree op 3 Julie om 10:00 by die Scaena Teater op kampus op.
Kaartjies:
R150 per groep van 4 vertonings.
Kaartjies is beskikbaar by die deure of op Quicket.

Sport

# SKAAK

## *INTER-REGIONAL TOERNOOI*
## *SPAN AFDELING*

### o. 18A-span - 2de plek

- HJ de Villiers (Bord 1) wen 5/[illegible]
- Gregory Gibbons (Bord 3) wen 2.5/5

### o. 16A-span - 1ste plek

[illegible] van Wyk (Bord 2) [illegible]5/5





## INDIVIDUELE AFDELING

### o. 18 Afdeling

Ajay Benson - 1ste plek
wen 5/5 rondtes



### o. 16 Afdeling

Lené de Villiers - 6de plek
wen 4/5 rondtes



#TrotsJF



WES grow
REEKS
2026
Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet
D.H.S.
A POSSE AD ESSE
FICHARDTPARK
GLO WERK DIEN
GOUDVELD - HOËRSKOOL
WELKOM
STREEF WERK OORWIN
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
B V H S
WERK EN WEN
PERSEQUOR
TRIO
8 Skole. 1 Reeks. 1 Kampioen.




SENTRAAL SKOLE SPORTREEKS 2026
PROGRAM
14 MAART
GV VS JF
WITT VS SENT
TRIO VS DHS
BVHS VS FHP
20 MAAR
SENT VS GV
21 MAART
JF VS WITT
DHS VS BVHS
FHP VS TRIO
11 APRIL
FHP VS JF
18 APRIL
FHP VS SEN
GV VS TRIO
25 APRIL
WITT VS GV
1 MEI
TRIO VS BVHS
1 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS
9 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVH
16 MEI
DHS VS FHP
SENT VS JF
GV VS BVHS
WITT VS TRIO
23 MEI
JF VS DHS
BVHS VS WITT
25 JULIE
BVHS VS JF
DHS VS GV
TRIO VS SENT
FHP VS WITT
1 AUG
WITT VS DHS
GV VS FHP
JF VS TRIO
SENT VS BVHS


SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026
WES grow EST.1964
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
VS
D.H.S.
A POSSE AD ESSE
HOËRSKOOL DIAMANTVELD
23 MEI 2026 - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
UFS
SUPERSPORT SCHOOLS
novus media community news
skilltracer
vkb
KONICA MINOLTA

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

23 MEI - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL DIAMANTVELD

## UITSLAE : RUGBY

| | | |
|---|---|---|
| 23 | 1STE SPAN | 22 |

| | | |
|---|---|---|
| 14 | o. 14A | 64 |
| 7 | o. 14B | 50 |
| 0 | o. 15A | 40 |
| 0 | o. 15B | 29 |
| 12 | o. 16A | 63 |
| 0 | o. 19B | 52 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

WES grow EST.1964

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

VS

HOËRSKOOL DIAMANTVELD

## SPELER VAN DIE WEDSTRYD



**RUGBY**
**JOHAN VAN DYK**

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

23 MEI – HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL DIAMANTVELD

## UITSLAE : HOKKIE SEUNS

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 1STE SPAN | 2 |
| 2 | o. 16A | 0 |

## UITSLAE: HOKKIE DOGTERS

| | | |
|---|---|---|
| 8 | 1STE SPAN | 3 |
| 2 | o. 14A | 0 |
| 2 | o. 16A | 1 |
| 1 | o. 16B | 0 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

23 MEI - HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ VS HOËRSKOOL DIAMANTVELD

A POSSE AD ESSE

## UITSLAE : NETBAL

| | | |
|---|---|---|
| 10 | o. 14C | 11 |
| 13 | o. 14D | 6 |
| 20 | o. 14E | 3 |
| 28 | o. 15C | 12 |
| 19 | o. 16A | 27 |
| 19 | o. 16B | 17 |
| 19 | o. 17A | 18 |
| 20 | o. 19B | 24 |
| 41 | o. 19C | 7 |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

WES GROW EST.1964

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

VS

HOËRSKOOL DIAMANTVELD

## SPELER VAN DIE WEDSTRYD




**HOKKIE**

**MASEGO PHALA**

skilltracer vkb UFS novus media community news

*Wees dankbaar vir 'n afrigter wat baie van jou vra...*



**DIT BETEKEN IEMAND SIEN POTENSIAAL IN JOU RAAK.**

# Vrystaat *Rugby*



**o. 16 Grant Khomo**

- Litha Nthlati

**Vrystaat o. 17**

- Arno Smit
- Christiaan Jacobs
- Franco de Necker
- Jayden Pieterse
- Jordan de Villiers
- Ruan Kruger
- Malan Bekker
- Joran Jacobs

**o. 19 Arende**

- HJ Noeth
- JG Noeth
- JC van Niekerk
- Jùan Swart

**Akademieweek**

- Madiba Matanzima
- Reece Sekila



**Nadia van Staden**
Assistent afrigter
o. 18A-dogters



**Jomari Laning**
Spanbestuurder
o. 18A-dogters



**Izelke Craven**
Afrigter
o. 16C-dogters



**Tamia Bosch**
Spanbestuurder
o. 18B-dogters



**Graham Seager**
Afrigter
o. 18B-seuns



**Seth Botha**
Afrigter
o. 16C-seuns

# SUID-VRYSTAAT HOKKIE

**Baie geluk aan die volgende JF-personeel en buiteafrigters wat tot afrigter- en spanbestuurdersrolle verkies is.**

# Suid-Vrystaat Hokkie



## DOGTERS

### o. 14B
- Botsile Moroka

### o. 16C
- Lomé Nel

### o. 18B
- Masego Phala
- Mikayla du Toit
- Nomsa Jason

## SEUNS

### o. 14A
- Jahàziël van Wyk

### o. 14B
- Chayton Beans
- Frans Human

### o. 16C
- Eben van der Vlies
- Joah de Villiers
- Luniel Labuschagne
- Ryan le Roux
- Tristan Booysen

### o. 18A
- Shermon Paulsen
- Eben Sander

### o. 18B
- Antonio Zaal
- Ruan Kleyn
- Werleo Deetlefs
- Jayden Barlow

#TrotsJF

*Wees dankbaar wanneer dit 'n uitdaging is om akademie en buitemuurs te balanseer...*




**DIE DISSIPLINE BEREI JOU VOOR VIR DIE LEWE.**



# Sport

# HOKKIE

| WEEK 6 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag 18/5 | 14:30 | 14A Dogters | EHS B | TUIS | 2-1 (wen) |
| Dinsdag 19/5 | 17:00 | 3de Dogters | OMS 4 | TUIS | 0-4 (verloor) |
| | 14:00 | 14B Dogters | CBC A | TUIS | 0-4 (verloor) |
| | 14:30 | 2de Dogters | CBC 1 | WEG | 1-0 (wen) |
| Woensdag 20/5 | 16:00 | 1ste Dogters | Colts | TUIS | 1-2 (verloor) |
| | 16:00 | 3de Dogters | SMS 2 | WEG (friendly) | 1-2(verloor) |
| | 16:00 | 2de Seuns | Saints 3 | WEG | 9-0 (wen) |
| | 20:20 | 1ste Seuns | Grey 3 | WEG | 3-0 (wen) |
| Donderdag 21/5 | 15:00 | 3de Seuns | Sentraal 2 | TUIS | 1-5 (verloor) |
| | 15:30 | 14B Seuns | FHP | WEG | 0-4 (verloor) |
| | 14:00 | 2de Dogters | Zastron | TUIS | 5-0 (wen) |





## Hokkie Stadsliga

**23 Mei 2026**
**JF vs. Diamantveld**




**Baie geluk aan Linke Swart wat die afgelope naweek haar 50ste wedstryd vir JF se eerste hokkiespan gespeel het.**

**26 Mei 2026**
JF vs. OMS 2




**Baie geluk aan Suné Marais en Marlene van der Merwe wat vandag hul 50ste wedstryd vir JF se eerste hokkiespan gespeel het.**

**#trotsJF**

23 Mei 2026
JF vs. Diamantveld

**Baie geluk aan Francois Wilken wat die afgelope naweek sy 50ste wedstryd vir JF se eerste hokkiespan gespeel het.**



*Wees dankbaar wanneer jy moeg word...*




**DIT BETEKEN JY HET 'N GELEENTHEID GEHAD OM OP TE DAAG.**

# JF-TENNIS 2026

## Liga-uitslae



### 1ste Seunspan

**JF 4 - 11 Grey 4**

Christiaan Odendaal wen dan ook hier sy laaste wedstryd as JF se nr. 1 seunspeler

#trotsJF



### 2de Dogterspan

JF se 2de dogtersssspan wen vir Fichardtpark 1 met 59 stelle.

Dit was dan ook Rolani van der Berg se laatste ligawedstryd vir JF-TENNIS.


HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
JF-PLUIMBAL
Baie geluk
JF vs. Diamantveld
JF se pluimbalspan wen 15 uit 17 wedstryde hierdie afgelope naweek teen Diamantveld.
#trotsJF

*Wees dankbaar wanneer jy die druk voel...*



DIT BETEKEN DAAR IS MENSE WAT IN JOU GLO.

# Landloop

















## Landloop: 3de liga

Dogters o.14 4 km:
Liané Hugo behaal 'n 7de plek.
Minke Smit behaal 'n 9de plek.
Danisha Swanepoel behaal 'n 11de plek.

Ruan Liebenberg behaal 'n 11de plek in die jong seuns se 2 km wat hy in 7.37 minute hardloop.

Alex du Plessis behaal 'n 13 de plek in die o.16 seuns se 6 km.

Loraine van Rooyen behaal 'n 8ste plek in die dogters o.17 se 4 km.

Danell Olofse hardloop 'n 2 km in 8,48 minute en behaal 'n 2 de plek in die jong vroue afdeling.

AJ Theron behaal 'n 6 de plek in die 2 km, jongmans afdeling, met 'n tyd van 7,29 minute.
Dit is 'n verbetering van sy vorige tyd wat 7.41 minute was.

#trotsJF

BUITESPORT STOEI

# Ruwan van Niekerk & Stiaan le Roux

Ruwan en Stiaan het uitstekend presteer tydens die Vrystaat Ope Stoeibyeenkoms wat op 23 Mei 2026 in Pretoria plaasgevind het.

Ruwan het 'n goue medalje in die o. 15-Vrystylafdeling en 'n brons medalje in Greco Presidente Juniors verwerf.

Stiaan het drie goue medaljes in o. 15-Vrystyl, o. 17-Vrystyl en die Greco Presidente Juniors verwerf.

Ruwan en Stiaan is ook ingesluit in die Vrystaatstoeispan wat op 30 Mei 2026 aan die Suid-Afrikaanse Grieks-Romeinse Stoeikampioenskappe in Pretoria gaan deelneem.



# AJ Theron

AJ het op 23 Mei 2026 aan die *Laser Run* Vrystaat-kampioenskappe by St. Michael's in Bloemfontein deelgeneem.

Hy het 'n uitstekende prestasie gelewer deur 1ste plek in die seuns o. 19-afdeling te behaal.

AJ is ook gekies om die Vrystaat by die komende Suid-Afrikaanse *Laser Run* Kampioenskappe in Pietermaritzburg te verteenwoordig.




BUITESPORT LASER RUN


Hoërskool
Jim Fouché
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
Die Piesangskille
19 SEPT '26
V AT LAM
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span
22 September '26
BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB
STONEY'S Wheel & Tyre
AVIS
Merice - 063 202 6387
bemarking@jf.co.za


Hoërskool
Jim Fouché
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
Die Piesangskille
19 SEPT '26
V AT LAM
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span




# BESTEL NOU VIR DIE SEISOEN




karri

POWERED BY NEDBANK






#trotsJF

WWW.JF.CO.ZA

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R580



## WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460



## GOLFERS: KORTMOU

R340



## PETTE

R166

## LIP BALM

R30





## VISOR

R166

## BUFF

R80






## STROOIHOED

R110

COMBO R170

## JF Band

R60



## BREËRANDHOED

R230

## JF PIN

R80

